

15 September

Ons word beproef om ander te bemoedig

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-7

Fokusgedeelte: Openbaring 20:4-6

Paulus skryf in 2 Korintiërs 1:6 die volgende oor die noodsaaklikheid van beproewinge in hierdie lewe: “As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle gehelp en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur het.”

Ons as ouers is ook die afgelope tyd swaar beproef met die skielike en onverwagse dood van ons jongste seun, Hendrik. Vir die eerste keer kon ek persoonlik die hartseer van ander gelowiges wat ook deur hierdie beproewing moes gaan, werklik belewe. Aanvanklik het ons die onverwagse dood van ons seun as so onnodig beskou, en wel om die volgende redes.

- Hy en sy vrou, Mari, se huweliksverbintenis van twee en 'n half jaar was buitengewoon gelukkig – so soos die Here dit wil hê.
- In sy werk as grondkundige het hy hom daarop toegelê om, sover hy daartoe in staat was, die vernietiging van hierdie wêreld teen te werk. Sy laaste poging was om planne te beraam en uit te voer om die verwaarloosde vleilande te probeer herstel. Hy was juis hiermee besig toe die fratsongeluk plaasgevind het.
- As lidmaat van die Gereformeerde Kerk Waterkloofrant het hy en sy vrou leiding geneem in die dienste van ouderling en diaken. Hy het hom veral vir evangelisasie beywer.

Nogtans het die Here besluit om hom weg te neem. Ons vra nie waarom nie, want die Here het 'n doel met alles. Ons is egter op 'n besondere wyse deur God uit sy Woord en deur sy Gees bemoedig. Op grond hiervan wil ons ook ander bemoedig soos die Here ons met twee saligsprekinge steeds bemoedig:

- Sy werk in God se koninkryk was nie tevergeefs nie. Want so word ons getroos volgens Openbaring 14:13: “Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe sodat hulle kan rus van hulle arbeid en hulle werke volg met hulle.”
- “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding.” As gelowiges het ons die sekerheid dat die sterfdag van 'n dierbare sy/haar eerste opstanding is. Ons troos is: Hendrik lewe. Saam met al die ander gestorwe gelowiges lewer hy koninklike en priesterlike diens in volle teenwoordigheid by Jesus Christus (Openb 20:4–6).

Sing: Skrifberyming 5-3:2

Ds. HP Prinsloo (Emeritus)